LAERSKOOL WARMBAD

NUUSBRIEF 04/ 2018

09 FEBRUARIE 2018

UIT DIE KANTOOR

HERWINNING: Herwinning vind plaas op Maandae en Donderdae in die parkeerterrein. Glas, papier en karton, blikkies en plastiek kan klaar gesorteer, herwin word.
SWEM: Skool swem vind plaas Dinsdag en Donderdag. Graad 1 – 3 swem van 12:45 – 13:30. Graad 4 – 7 swem van 13:45 - 14:30 by die Laerskool swembad. Leerlinge moet reeds kan swem om aan die sport deel te neem.
HOKKIE: Baie geluk aan Regardt Grobler wat gekies is vir die Limpopo 0/13A span. Ons is baie trots op jou.
ATLETIEK: Baie sterkte aan die atlete wat vandag aan die 'Cluster' byeenkoms deelneem in Nylstroom.
OU TYDSKRIFTE: Indien u ou tydskrifte by die huis het wat u nie gebruik nie, die skool benodig tydskrifte vir projekte vir die kinders. U is welkom om dit by die kantoor af te laai.
REVUE: Geen senior revue leerling mag tussen 13:00 – 13:30 naby die kantoor of op die grasperk voor die saal wag nie. Daar is ook nie toesig gedurende daardie wagtydperk nie. Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om na skool na u kind om te sien totdat oefening begin.

Mnr. Hennie Coetzee

LAERSKOOL WARMBAD

Onderwyspos: Aflosposte

Vereistes

1. Vakke wat onderrig moet word:
   - Grondslagfase – Afrikaans Gr 1 – 3.
   - Alle vakke
2. Tydperk:
   - Pos 1: 22 Mei – 29 September.
   - Pos 2: 17 Julie – 16 November.
3. Die volgende inligting moet vervat word in u CV:
   - Aansoekbrief
   - ID
   - Matrieksertifikaat
   - REQV 13 / BEd Graad
   - Kwalifikasie met vakverklaring
   - SACE Sertifikaat
   - Bogenoemde dokumente moet gewaarmerk wees.

Aansoeke moet per hand by die kantoor ingedien word:
Vir Aandag: Die Hoof
Laerskool Warmbad
80 Moffatstraat
Bela Bela, 0480

Sluitingsdatum vir aansoeke: 1 Maart 2018.

VANUIT DIE MAATSKAPLIKE DIENSKANTOOR:

Ons het 'n blou houer van die REACH projek af ontvang vir donasies aan die hulpfonds. Volgende week sal die blou plastiekdrom by Ontvangs wees. Bring asseblief vir ons enige van die volgende:

Tandepaste
Tandeborsel
Handeroom
Sjampoo
Deodorant

Dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Privaatsak / Private Bag X1630
BELA BELA, 0480
E-Pos / E-Mail: lsw@tritronix.co.za
Telefoon / Telephone: (014) 7362228/9
Faks / Fax: 086 765 2411
Web: www.laerskoolwarmbad.co.za

Missie van ons skool: Ten einde ons leerders met die nodige lewensvaardighede toe te rus, moet relevante onderwys en opvoeding van 'n hoë gehalte, ooreenkomstig die potensiaal van elke leerling, aangebied word deur uitnemende onderwysers, gebaseer op 'n Christelike grondslag en met Afrikaans en Engels as parallelmedium van onderig.

Figure 2

**Laerskool Warmbad plaas advertensies soos deur die adverteerders ontvang.*

VALENTYN SOKKIE
GRAAD 5 – 7
14 FEBRUARIE

Kom geniet 'n lekker sokkie in die saal van 18:00 – 20:00. Die Tema is rooi en wit en ingang is R10 per leerder. Verversings sal beskikbaar wees so onthou 'n ekstra geldjie.

HET JY GEWEET?

Brandy die Bokserhond hou de rekord vir die langste tong op aarde? Dis 43cm lank.

BANKBESONDERHEDE:
ABSA BANK
Laerskool Warmbad
Rekening:
1330 950 338
Takkode: 334447
Verwysing: GESINSNOMMER wat op rekening verskyn.

Mnr HF Coetzee
(Hoof)